The format of a number of tables in the statistical section of this Bulletin was changed in order to provide additional information and to delete and/or regroup less significant statistical series. Because of duplication, one table was omitted, but a number of new tables were added and some existing tables expanded to broaden the statistical coverage of the Bulletin. In the statistical tables on government finance, for example, major revisions were made to the table on the Exchequer Account, particularly to incorporate changes in the Account's composition in recent years and to present comparable data.

In addition, the base year of index and constant-price series was changed from 1970 to 1975 in line with the international change-over to the new 1975 base year. Three tables still present index series with 1970 as the base year because the weights required for the recalculation of the indices on the new base could not be obtained in time. The conversion of these indices to the new base year will, however, be completed in due course and published in a forthcoming issue of the Bulletin. As a result of structural changes in the economy between 1970 and 1975, the use of new weights in the recalculation of composite index and constant-price figures resulted in changes in some series, in particular national accounts series. Formerly observed rates of change in these series may, therefore, not correspond entirely with those in the newly calculated series.

The new tables appearing in this Bulletin are:

- Selected money market indicators (S-34);
- Permanent building societies: Net mortgage loans granted (S-41);
- Deposit-receiving and other savings institutions: Increase in investors' holdings of longer-term funds (S-43);
- Finance companies: Liabilities and assets (S-49);
- Ownership distribution of domestic marketable stock debt of local authorities and public corporations (S-50);
- State Revenue Fund: Revenue collected (S-54/55);
- Foreign trade: Indices of volume and prices (S-70);
- Financial rand, gold price and trade financing rates (S-80);
- Gross domestic fixed investment at constant 1975 prices by kind of economic activity: Quarterly figures (S-92);
- Gross domestic fixed investment by type of asset at current and constant 1975 prices: Annual figures (S-93/94) and Quarterly figures (S-95);
- Change in inventories by kind of economic activity at constant 1975 prices (S-98);
- Current income and expenditure of incorporated business enterprises (S-100) and
- Labour: Hours worked, unemployment and remuneration per worker in the non-agricultural sectors (S-109).

In addition, the following tables were changed substantially:

- Long-term insurers: Liabilities and assets (S-45);
- Short-term insurers: Liabilities and assets (S-46);
- Pension and provident funds (S-47);
- Exchequer Account (S-56/57);
- Gross domestic and national product (S-81);
- Private consumption expenditure at current and constant 1975 prices (S-86/87);
- Mining: Physical volume of production (S-103) and Trade (S-107).

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

In die Presidentsrede tydens die Reserwebank se algemene jaarvergadering op 26 Augustus 1980 en in die Bank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* wat ten tye van die vergadering vrygestel is, is die ekonomiese ontwikkelings gedurende die jaar wat op 30 Junie 1980 geëindig het in besonderhede bespreek. Hierdie oorsig sal derhalwe beperk word tot 'n kort beskrywing van ontwikkelings gedurende die tweede kwartaal van 1980 en, afhangende van die beskikbaarheid van gegewens, gedurende Julie en Augustus.

Die huidige oplewing in die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat gedurende die tweede helfte van 1979 'n meer gevorderde stadium betree het, het in die eerste helfte van 1980 verdere stukrag verkry. Hoe groeikoerse is in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1980 in die reële bruto binnelandse produk aangeteken. Die hoër vlak van die reële ekonomiese bedrywigheid is weerspieël in 'n vinniger styging in die werkverskaffing buite die landbou, maar tekens het terselfdertyd na vore getree dat die ekonomie in sekere sektore die grense van sy kapasiteit begin nader het.

Die verdere toename in die reële ekonomiese bedrywigheid in die tweede kwartaal van 1980 was gebaseer op 'n baie skerp styging in die reële totale binnelandse vraag. Die private verbruiksbesteding is aangehelp deur 'n werklike en verwagte verdere toename in die reële persoonlike beskikbare inkomste sowel as deur die geredelike beskikbaarheid van verbruikerskrediet. Die binnelandse vaste investering het sterk gestyg as gevolg van voortsetting van die uitbreidingsprogramme van die openbare korporasies en 'n stygende vlak van die private vaste investering as reaksie op die sterk verbruikersvraag, die vermindering van oortollige produksiekapasiteit, en die ruim beskikbaarheid van fondse en die daarvan gepaardgaande betreklik lae vlakke van die rentekoerse. In die tweede kwartaal het 'n verdere opbouing van voorrade voorgekom en die tekens dui daarop dat die lang afwaartse fase in die voorraadsiklus moontlik teen die einde van 1979 ten einde geloop het. Die reële overheidsverbruiksbesteding het, in ooreenstemming met die tans geldende beleid om die groei in die overheidsbesteding te beperk, voortgegaan om min verandering te toon.

Die inflasiekoers, wat in die vierde kwartaal van 1979 en die eerste kwartaal van 1980 geneig het om te verlangsmaam, het in die tweede kwartaal 'n hernieude versnelling getoon. Dit was gedeeltelik toe te skryf aan verhogings van verskeie geadministreerde prysse, maar hoër koerse van toename is ook in 'n betreklik wye reeks ander groothandels- en verbruikersprysse aangeteken.

'n Opmerklike daling het in die tweede kwartaal in die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans voorgekom. Die hoofredie hiervoor was dat 'n aanmerklike daling in die goudprys en die daling in die waarde van die netto goudproduksie wat daarmee gepaard gegaan het, saamgeval het met

'n skerp styging in die waarde van die invoer en 'n klein daling in die waarde van die goedere-uitvoer. Die daling in die goudprys is egter in die middel van die tweede kwartaal omgekeer en die gemiddelde prys in Julie en Augustus het in werklikheid die hoe gemiddelde vlak van die eerste kwartaal oorskry.

Die kleiner oorskot op die lopende rekening in die eerste kwartaal het vergesel gegaan van 'n sterk verminderde netto uitvloeiing van kapitaal. Dit is hoofsaaklik meegebring deur 'n skerp afname in die netto uityloeiing van korttermynkapitaal vanaf die private sektor nadat die Reserwebank in April die diskonto op VSA-dollars in termynvalutatransaksies verhoog het as 'n metode om oormatige groot omskakeling na die binnelandse financiering van die buitelandse handel te ontmoedig. Die netto uitvloeiing van kapitaal het nietemin die oorskot op die lopende rekening oorskry en 'n daling in sowel die bruto as die netto goud- en ander buitelandse reserwes meegebring. Indien die herwaardering van die goudreserwes en ander waardasie-aansuiwerings egter in aanmerking geneem word, het die bruto reserwes in die tweede kwartaal 'n opmerklike styging getoon.

'n Betreklik sterk appresiasi van die kommersiële rand teenoor die VSA-dollar het gedurende die tweede kwartaal voorgekom maar die rand het terselfdertyd aansienlik gedepresieer teenoor ander belangrike geldeenheide. Gevolglik het die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende hierdie tydperk slegs effens gestyg. 'n Opmerklike styging het egter in Julie en Augustus voorgekom.

Ná 'n skerp styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede helfte van 1979 het die koers van toename in die eerste kwartaal van 1980 geneig om te verlangsmaam maar gedurende die tweede kwartaal weer effens versnel. Die koers van toename in die geldvoorraad in die enger sin, wat gedurende die tydperk van ses maande van Oktober 1979 tot Maart 1980 buitengewoon hoog was, was gedurende die tweede kwartaal aansienlik laer. Die grootste deel van die uitbreiding in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die tweede kwartaal is meegebring deur 'n groot styging in die binnelandse kredietverlening maar 'n klein toename is ook in die monetêre banksektor se netto goud- en ander buitelandse reserwes aangeteken terwyl daar 'n afname in die private sektor se langtermyndeposito's by die monetêre bankinstellings voorgekom het.

Die likwiditeitstoestand van bankinstellings, wat gedurende die eerste kwartaal van 1980 opmerklik verswak het as gevolg van groot bewegings van belastingfondse na die overheidsektor, het in die tweede kwartaal en Julie 'n sterk herstel getoon. In Augustus het die Reserwebank 'n opwaartse aanpassing van die aanvullende likwiede batevereistes teenoor die korttermynverpligtings van die groot banke en die middeltermynverpligtings van alle ander banke aangekondig wat vanaf ongeveer 21 September in werking sal tree. Hierbenewens sal van die banke vereis word om 'n groter deel van hul aanvullende likwiede bates in die vorm van kontantreserwesaldo's by die Reserwebank

te hou. Hierdie veranderings in die likwiede batever-eistes van bankinstellings het gepaard gegaan met afskaffing van die plafonne op bankkrediet aan die private sektor, wat vanaf 1 September van krag geword het.

Ná 'n vernouing teen die einde van April en vroeg in Mei, het die geldmark bykans aanhouend verruum tot laat in Augustus, toe dit deur die groot beweging van belastingfondse na die owerheid beïnvloed is. Afgesien van opemarkverkope van staatseffekte, is verskeie ander instrumente en procedures deur die Reserwebank aangewend om oorskotlikwiditeit in die geldmark te absorbeer. Hierby was ingesluit verkope van spesiale skatkiswissels-op-aanvraag wat op belangrike belastingbetalingsdatums hul vervaldag bereik het, verkope van Reserwebankobligasies, en terugkoopooreenkomste met bankinstellings.




Die skatkisontvangste het gedurende die tweede kwartaal sterk gestyg, hoofsaaklik vanweë aansienlike inkomstebelastingbetalings deur die goudmynmaatskappye en vanweë aanmerklike invorderings van algemene verkoopbelasting en doeaneregte. Terselfdertyd het die skatkisuitrekings opmerklik toegenem vanweë die feit dat die appropriasie van fondse aan die staatsdepartemente aan die begin van die nuwe fiskale jaar groter was as wat gewoonlik die geval is. Dit het 'n aansienlike tekort op die Skatkisrekening tot gevolg gehad, wat deur middel van lenings of die aanwending van beskikbare kontantsaldo's gefinansier moes word. In sy leningsbedrywigheide het die Tesourie in betreklik aansienlike mate staatgemaak op die verhoging van sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor.

Op die kapitaalmark het onsekerhede aangaande verwagte bewegings van die opbrengskoers op langtermyn-effekte 'n verstewiging van die opbrengskoers op langtermyn- en vaste-rentedraende effekte meegebring. Dit het met 'n afname in die waarde van die prima- en semi-prima-effekte wat op die effektebeurs verhandel is en met swakker ondersteuning van nuwe uitgiftes van hierdie effekte gepaard gegaan. Lewendige toestande het nog steeds op die aandelebeurs geheers en die pryse het gedurende die tweede kwartaal verder toegeneem en in Julie en Augustus skerp tot hoë vlakte gestyg. Die verbandmark en die mark vir vaste eiendom was ewe lewendig en 'n sterk styging in die bedrywigheid het in die tweede kwartaal voorgekom.

Nasionale rekeninge*

Die reële bruto binnelandse produk, wat in 1979 met 3% persent gestyg het, het in die eerste en tweede kwartale van 1980 teen aansienlik hoér jaarkoerse van onderskeidelik 7½ persent en 7 persent toegeneem. In die eerste helfte van 1980 was die reële bruto binnelandse produk nie minder nie as 8½ persent hoér as in die ooreenstemmende tydperk van 1979. Die verdere toename in die reële ekonomiese bedry-

Bruto binnelandse produk teen konstante 1975-pryse



* Die kwartaallikse veranderings is gebaseer op seisoensaange-suiwerde gegevens.

wigheid in die tweede kwartaal was in al die sektore van die ekonomiese geselskap, behalwe in die goudmynbousektor, waarneembaar. Die volume van goud geproduseer het aanhou daal as gevolg van die ontginning van laergraadse erts. Hoër koers van toename is aangeteken in die reële toegevoegde waarde van die landbou; elektrisiteit, gas en water; konstruksie; handel; en die dienstesektor. Daarenteen het die reële toegevoegde waarde van die nie-goudmynbou en die fabriekswese teen laer koers as in die eerste kwartaal gestyg. Indien die landbou uitgesluit word, het die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk van $7\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal tot $6\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1980 verlangsaam.

Die reële bruto binnelandse besteding het in die tweede kwartaal skerp toegeneem en was uitsluitend

vir die verdere styging in die reële bruto binnelandse produk verantwoordelik; die volume van die uitvoer het gedurende hierdie tydperk merkbaar gedaal. Hoë koers van toename is in die reële private verbruiksbesteding en die reële bruto binnelandse vaste investering aangeteken. Daarbenewens het 'n verdere toename in die reële voorrade voorgekom. Die reële overheidsverbruiksbesteding het in die tweede kwartaal egter min verandering getoon. In die eerste helfte van 1980 was die reële bruto binnelandse besteding nie minder nie as $11\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.



Die verdere skerp toename in die reële private verbruiksbesteding in die tweede kwartaal het die sterk stygende vraag na duursame en semi-duursame goedere weerspieël as 'n reaksie op 'n werklike en verwagte verdere toename in die reële persoonlike beskikbare inkome en die geredelike beskikbaarheid van verbruikerskrediet. Die meer stabiele komponente van die reële verbruikersvraag, naamlik die besteding aan nie-duursame goedere en aan verbruikersdienste, het teen ongeveer dieselfde koers as in die voorafgaande kwartaal toegeneem.

Die aansienlike toename in die reële bruto binnelandse vaste investering in die tweede kwartaal het nie alleen 'n voortsetting van die uitbreidingsprogramme van openbare korporasies weerspieël nie, maar ook die nuwe opwaartse fase van die vaste investeringsklus in die private sektor wat van die middel van 1979 aan die gang is. In die private sektor het opmerklike verdere toenames in die reële vaste kapitaalbesteding in die fabriekswese, die woningboukonstruksie en die finansiële sektor voorgekom. Laasgenoemde het hoofsaaklik die aanskaffing van vaste bates vir bruukhuurdoeleindes verteenwoordig. Die skerp styging in die reële vaste investering van die openbare korporasies was hoofsaaklik aan die groter besteding deur Sasol en Evkom toe te skryf. In teenstelling met die opwaartse neiging in die reële vaste investering in die algemeen, het die kapitaaluitgawes van die openbare owerhede in die tweede kwartaal gedaal. 'n Klein toename in die reële besteding aan woningbou, grotendeels aan laekostebehuising, is meer as geneutraliseer deur afnames in die reële vaste investering van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie in die algemene owerheid.

Ná 'n bykans ononderbroke daling vanaf die eerste kwartaal van 1976 tot die derde kwartaal van 1979, het die reële voorrade gedurende elk van die daaropvolgende drie kwartale toegeneem. Dit wil derhalwe voorkom of die lang afwaartse fase van die sikel in die voorraadinvestering tot 'n einde gekom het. Die verdere opbouing van reële voorrade gedurende die tweede kwartaal was die gevolg van toenames in die mynbouvoorraad, die nywerheidsvoorraad van die private sektor, die landbouvoorraad-in-die-handel, en strategiese voorrade, wat slegs gedeeltelik deur geringe afnames in die diamantvoorraad, handelsvoorraad en nywerheidsvoorraad van die openbare korporasies geneutraliseer is.

Die bruto binnelandse besparing, wat in die derde

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1975-prysse




en vierde kwartaal van 1979 en die eerste kwartaal van 1980 aansienlik gestyg het, het in die tweede kwartaal opmerklik gedaal. Afgesien van 'n effense daling in die besparing van die algemene owerheid, is die afname in die totale besparing in die tweede kwartaal hoofsaaklik verklaar deur die persoonlike besparing. Die sterk styging in die private verbruiksbesteding, wat in aansienlike mate deur bankkrediet gefinansier is, het sy teenhanger in 'n daling in die persoonlike besparing gehad. Die maatskappybesparing het daarenteen aangehou om skerp te styg terwyl daar ook 'n verdere toename in die voorsiening vir waardevermindering was. Die skerp afname in die bruto binnelandse besparing en die verdere toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse in die tweede kwartaal, het meegebring dat die besparingsverhouding van 35,0 persent in die eerste kwartaal tot 33,5 persent in die tweede kwartaal gedaal het. Laasgenoemde syfer was nietemin nog steeds hoër as die verhouding van 31,7 persent vir die jaar 1979 in sy geheel.

Ofskoon die bruto binnelandse besparing in die tweede kwartaal nog steeds die bruto binnelandse investering oorskry het, was die verskil die kleinste sedert die derde kwartaal van 1977. Dit is in slegs 'n klein oorskot op die lopende rekening van die betaalingsbalans in die tweede kwartaal weerspieël.

Werkverskaffing en prys

Die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie, wat in die eerste drie kwartale van 1979

Arbeid




teen 'n gemiddelde seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,5 persent toegeneem het, het teen opmerklik hoër jaarkoerse van 5,6 persent in die vierde kwartaal van 1979 en 4,2 persent in die eerste kwartaal van 1980 toegeneem. Die beskikbare gegewens toon dat 'n verdere maar effens laer koers van toename in die tweede kwartaal aangeteken is. Die vinniger styging in die werkverskaffing het in sowel die private as die openbare sektor voorgekom.

As weerspieëling van die toename in die indiensneming, het die werkloosheid voortgegaan om te daal. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het van 26 931 in Desember 1979 tot 24 374 in Maart, 22 375 in Junie en 21 356 in Julie 1980 gedaal. Die verhouding van die werklose Swartes tot die ekonomies-bedrywige Swart bevolking het van 9,2 persent in Mei 1979 tot 8,8 persent in Mei 1980 afgeneem.

Nadat die koers van toename in die verbruikerspryse gedurende die vierde kwartaal van 1979 en die eerste kwartaal van 1980 verlangsaam het, het dit in die tweede kwartaal weer versnel. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van 13,3 persent in

Pryse

Persentasieverandering oor twaalf maande



die tweede kwartaal was aansienlik hoër as die 8,6 persent in die voorafgaande kwartaal. Hierdie versnelling was die gevolg van hoër koerse van toename in die prys van sekere goedere en dienste wat aan administratiewe beheer onderhewig is, in die besonder mielie-, brood- en suikerpryse en spoorweg- en ander vervoertariewe, asook van die vinniger styging in die prys van vleis, groente, voertuie, skoeisel, leesstof, en opvoedkundige, droogskoonmaak- en persoonlike dienste. Vanaf Julie 1979, die maand waarin die verbruikersprysindeks aansienlik verhoog is deur die buitengewoon skerp styging in die prys van petroleumprodukte, tot Julie 1980 het die verbruikerspryse gemiddeld met 12,2 persent gestyg. In die eerste sewe maande van 1980 was die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks 13,6 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.


Op 'n seisoensaangesuiwerde basis het die groot-handelsprysindeks in die eerste kwartaal van 1980 teen 'n jaarkoers van 12,0 persent gestyg, maar teen 'n hoër jaarkoers van 14,3 persent in die tweede kwartaal. Hierdie versnelling is ver klaar deur 'n vinniger styging in die prys van binnelandsgeproduceerde goedere, in die besonder die prys van landbouprodukte, verwerkte voedsel, skoeisel en vervoertoerusting. Daarteenoor het die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere in die tweede kwartaal opmerklik verlangsaam, gedeeltelik as gevolg van die afskaffing van die bobelasting op ingevoerde goedere in Maart. Van Julie 1979 tot Julie 1980 het die groothandelspryse gemiddeld met 14,5 persent gestyg. In die eerste sewe maande van 1980 was die gemiddelde maandelikse groothandelsprysindeks 17,2 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

Betalingsbalans

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het aanmerklik gedaal van 'n rekordsyfer van R1 993 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R160 miljoen in die tweede kwartaal. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot in die tweede kwartaal R770 miljoen bedra, vergeleke met R7 210 miljoen in die eerste kwartaal en 'n gemiddelde kwartaallike oorskot van R1 581 miljoen gedurende die voorafgaande drie jaar. Die twee oorheersende oorsake van die aansienlik laer oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal was 'n skerp styging in die waarde van die goedere-invoer en 'n opmerklike daling in die waarde van die netto goudproduksie. Boonop het die waarde van die goedere-uitvoer effens gedaal. Andersyds was daar egter 'n klein afname in die netto dienste- en oordragbetelings aan die res van die wêreld.

Die waarde van die goedere-invoer het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, skerp toegeneem van R11 830 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R14 210 miljoen in die tweede kwartaal en R15 396 miljoen in Julie. Die volume van die invoer, wat tot

Lopende rekening van die betalingsbalans



en met die eerste kwartaal van 1980 min op die huidige algemene sikliese oplewing in die ekonomiese bedrywigheid gereageer het, het in die tweede kwartaal aanmerklik toegeneem. Terselfdertyd het 'n verdere skerp styging in die invoerpryse plaasgevind. Die invoer van mineraalprodukte (petroleumprodukte inbegrepe) het in die tweede kwartaal skerp toegenem en opmerklike stygings is ook in die groep vervoertoerusting, tekstiele, en papier en papierprodukte aangeteken.

Die waarde van die netto goudproduksie het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R11 480 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R7 780 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem. Die grootste deel van hierdie afname was aan 'n aansienlik laer

gemiddelde goudprys in VSA-dollars en die appresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar toe te skryf, maar daar was ook 'n effense afname in die volume van die netto goudproduksie. Die gemiddelde vasstellingsprys per fyn ons op die Londense mark het van VSA \$631,49 in die eerste kwartaal tot VSA \$543,66 in die tweede kwartaal, of met 13,9 persent, gedaal. Vervolgens het die goudprys egter weer tot 'n gemiddelde van VSA \$635,89 per fyn ons in die tydperk van twee maande van Julie tot Augustus 1980 gestyg.


Die goedere-uitvoer het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R10 130 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R9 670 miljoen in die tweede kwartaal gedaal. 'n Skerp afname in die uitvoervolume is ondervind, in die besonder in die klasse onedele metale, chemiese produkte en tekstiele. Terselfdertyd het die koers van toename in die uitvoerpryse verlangsaam, gedeeltelik as gevolg van die appresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar.

Die kleiner oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal het gepaard gegaan met 'n skerp verminderde netto uitvloeiing van kapitaal van R547 miljoen wat in sowel korttermyn- as langtermynkapitaalbewegings weerspieël is. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal, insluitende foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening van die betalingsbalans, het in die tweede kwartaal R385 miljoen bedra, vergeleke met R1 058 miljoen in die voorafgaande kwartaal. 'n Opmerklike afname in die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal vanaf die private sektor het voorgekom nadat die Reserwebank in April die diskonto op VSA-dollars in termynvalutatransaksies verhoog het as 'n metode om oormatige groot omskakeling na die binnelandse finansiering van die buitelandse handel te ontmoedig. Terugbetalings op buitelandse lenings wat vroeër aangegaan is om die land se buitelandse valutareserves te ondersteun, het in die tweede kwartaal R95 miljoen bedra nadat hierdie sogenaamde laste verwant aan reserwes gedurende die voorafgaande kwartaal met R55 miljoen toegeneem het.


Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal het van R623 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 tot R162 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem. Hierdie daling was die resultaat van kleiner netto uitvloeiings vanaf sowel die sentrale regering en banksektor as die private sektor en 'n verandering van 'n groot netto uitvloeiing na 'n klein netto invloeiing van kapitaal in die geval van die openbare korporasies en plaaslike overhede.

Gedurende die tweede kwartaal het die netto sowel as die bruto goud- en ander buitelandse reserwes aansienlik as gevolg van betalingsbalanstransaksies gedaal. Die herwaardering van die goudreserwes en ander waardasie-aansuiwerings het egter gedurende hierdie tydperk die totale bruto reserwes met R699 miljoen tot 'n vlak van R5 826 miljoen aan die einde van Junie verhoog. Gedurende Julie het 'n toename in die buitelandse valutareserwes en in die volume van die goudreserwes, tesame met waardasie-aansuiwe-

Netto kapitaalbewegings



Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes



rings, die totale bruto reserwes met R430 miljoen verhoog tot 'n vlak van R6 256 miljoen aan die einde van die maand. Gedurende Augustus het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank effens gedaal met R37 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die herwaardering van die goudreserwes teen 'n laer prys.

Wisselkoerse

Alhoewel die rand gedurende die tweede kwartaal van 1980 met 5,2 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer het, het die effektiewe wisselkoers van die rand met slegs 0,2 persent gestyg. Die appresiasie teenoor die VSA-dollar is grotendeels deur 'n deappresiasie teenoor al die ander belangrike geldeenhede, in die besonder die Japanse yen en die Switserse frank, geneutraliseer. Gedurende Julie en Augustus het die rand met 'n verdere 1,7 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer, terwyl die effektiewe wisselkoers van die rand met 1,8 persent gestyg het. Teen die einde van Augustus was die effektiewe wisselkoers van die rand 7,5 persent hoër as aan die einde van 1979.


Die finansiële rand het gedurende die tweede kwartaal nie in dieselfde mate as die kommersiële rand teenoor die VSA-dollar geappresieer nie. Die diskonto op die finansiële rand het in werklikheid van 29,6 persent aan die einde van Maart tot 31,6 persent aan die einde van Junie toegeneem. In teenstelling met die appresiasie van die kommersiële rand, het die finansiële rand gedurende Julie en Augustus teenoor die VSA-dollar gedepresieer. Gevolglik het die diskonto op die finansiële rand aanmerklik vergroot tot 38,0 persent aan die einde van Augustus.

Monetêre en banktoestand


Die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad, wat van 27 persent gedurende die tweede helfte van 1979 tot 14 persent gedurende die eerste kwartaal van 1980 verlangsaam het, het gedurende die tweede kwartaal weer effens versnel tot 17 persent. Hierteenoor het die groeikoers van die geldvoorraad in die enger sin gedurende die tweede kwartaal van 1980 tot 16 persent gedaal nadat dit gedurende die voorafgaande ses maande nie minder nie as 42 persent beloop het. Indien verdere veranderings in die terugkoopooreenkoms met looptye in die kort- en middeltermyn van die monetêre banke met die private nie-banksektor in aanmerking geneem word, het die jaarkoers van toename in die geldvoorraad in die ruimer en enger sin gedurende die tweede kwartaal van 1980 onderskeidelik 16 en 26 persent bedra.

Die grootste deel van die uitbreiding van die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die tweede kwartaal van 1980 is verklaar deur 'n groot stijging in die binnelandse krediet wat, op 'n seisoensaangesuiwerde basis, met R871 miljoen toegeneem het ná 'n geringe daling van R64 miljoen gedurende die voorafgaande drie maande. 'n Aansienlike stijging van R690 miljoen in die netto eise van die monetêre banke teen die regeringsektor (wat hoofsaaklik 'n weerspieëeling was van 'n baie groot daling in die regeringsdeposito's, veral gedurende April) het die afname van meer as R900 miljoen in hierdie eise gedurende die eerste kwartaal van 1980 grotendeels weer te niet gedoen. Die eise van die monetêre banke teen die

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



private sektor het met R181 miljoen gestyg. So en behalwe hierdie uitbreiding van bankkrediet, is beduidende verdere stygings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor nog steeds aangeteken. Ten slotte het die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat in die loop van 1979 geneig het om teen progressief laer koerse te styg, gedurende die tweede kwartaal van 1980 in werklikheid skerp gedaal, waardeur meer as R300 miljoen (na uitskakeling van die seisoensinvloed) aan die geld- en kwasi-geldvoorraad toegevoeg is.

Die toename in die eise van die monetêre banke teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal van 1980, wat voor seisoensaansuiwering R342 miljoen beloop het, is grotendeels verklaar deur 'n stijging van ongeveer R100 miljoen in die beleggings van die monetêre banke in effekte van die private sektor en van R207 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. Hierbenewens het die diskontohuise hul besit aan private wissels en aksepte aansienlik vermeerder. Alhoewel die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke, aksep-banke en monetêre algemene banke gedurende die kwartaal effens afgeneem het, was die grootste deel van hierdie afname 'n weerspieëling van aansienlike oordragte van huurkoop- en bruikhuurbates van 'n monetêre na 'n nie-monetêre bankinstelling. Wanneer hierdie verwikkeling in aanmerking geneem word, het skerp opwaartse neigings in die verlening van huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering deur die monetêre bankinstellings nog steeds op die voorgrond gestaan. Hierteenoor het die ander lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre algemene banke gedurende die kwartaal marginaal gedaal nadat dit gedurende die voorafgaande drie maande betreklik sterk vermeerder het.

Die likwiditeitsposisie van die bankinstellings, wat gedurende die eerste kwartaal van 1980 hoofsaaklik as gevolg van groot bewegings van fondse na die regeringsektor in Januarie en Februarie aanmerklik verswak het, het gedurende die tweede kwartaal en Julie weer sterk herstel. Die oorskotlikwiditeitsverhouding van alle bankinstellings het vanaf 'n seisoenslaagtepunt van 1,6 persent aan die einde van Februarie tot 4,3 persent aan die einde van Junie en 5,3 persent aan die einde van Julie gestyg. Met betrekking tot alle monetêre banke het hierdie verhouding van 1,5 persent aan die einde van Februarie tot 5,5 persent aan die einde van Julie toege-neem. Wat die handelsbanke betref het die oorskotlikwiditeitsverhouding aan die einde van Julie in werklikheid 6,8 persent beloop. R897 miljoen van die groot totale toename van R1 000 miljoen in die banke se werklike besit aan likwidete bates gedurende die tweede kwartaal van 1980 kon aan 'n vergrote bydrae van die regeringsektor tot die banke se likwiditeitsbasis toegeskryf word.

Die monetêre beleidsmaatreëls wat in Augustus deur die President van die Reserwebank aangekondig is, het ingesluit dat die plafonne op die bankinstel-


lings se diskonteringe en voorskotte aan die private sektor en op hul beleggings in effekte van die private sektor met ingang van 1 September 1980 afgeskaf is. Dit het egter met ingang van ongeveer 21 September gepaard gegaan met opwaartse aanpassings van die aanvullende likwidete batevereistes teen die korttermynverpligtings van groot banke en die middeltermynverpligtings van alle ander banke. Hierbenewens moet 'n groter deel van die aanvullende likwidete bates wat deur die groot banke teen hul kort- en middeltermynverpligtings en deur die ander banke teen hul middeltermynverpligtings gehou word, vanaf daardie datum in die vorm van reserwesaldo's by die Reserwebank gehou word.

Toestand op die geldmark en rentekoerse

Ná 'n betreklik strawwe vernouing teen die einde van April en in die begin van Mei, het die geldmark tot laat in Augustus aansienlik en bykans aanhoudend verruim. Stram toestande, wat hoofsaaklik met baie groot bewegings van belastinggelde na die owerheid in verband gestaan het, is egter oor die maandeinde van Augustus ondervind.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het oor die algemeen vanaf vroeg in Mei op hoë vlakke gebly en op 28 Augustus 'n rekordbedrag van R1 274 miljoen bereik. Daarna het hierdie lenings, ooreenkomsdig die vernouing van die mark oor die maandeinde van Augustus, skerp gedaal tot R945 miljoen op 3 September maar weer tot R1 222 miljoen op 8 September gestyg. Met uitsondering van 'n paar dae oor die maandeinde van Junie, het die diskontohuise gedurende die tydperk van 7 Mei tot net voor 30

Geldmarkrentekoerse



Augustus geen akkommodasie van die Reserwebank nodig gehad nie. Op 30 Augustus het die akkommodasie wat aan die diskontohuise verleen is egter R447 miljoen bedra. Hierdie bedrag is tot R132 miljoen op 8 September verminder.

Die vrye saldo's van die banke by die Nasionale Finansiekorporasie het op 23 Mei 'n rekordbedrag van R685 miljoen bereik. Hoewel dit aansienlik geskommel het, is hierdie saldo's slegs gedurende enkele dae oor die maandeinde van Junie en op 30 Augustus nagenoeg geheel en al uitgeput.

Die rentekoers op die geldmark, wat vanaf laat in November of vroeg in Desember 1979 tot die einde van April 1980 taamlik opmerklik gestyg het, het vanaf vroeg in Mei tot die tweede week in Augustus oor die algemeen weer gedaal. Daarna het hierdie koers gedurende die res van die maand en vroeg in September marginaal gestyg. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 5,40 persent op 25 April tot 4,65 persent op 8 Augustus gedaal voordat dit tot 4,80 persent op 5 September gestyg het. Die skatkiswissel-tenderkoers het gedurende Mei aanhou styg tot 4,66 persent op 30 Mei maar tot 4,36 persent op 8 Augustus gedaal voordat dit tot 4,56 persent op 5 September gestyg het.

Die opemarkverkope van staatseffekte deur die Reserwebank het gedurende die tweede kwartaal R72 miljoen en gedurende Julie en Augustus R49 miljoen beloop. Verskeie ander instrumente en procedures is ook deur die Bank aangewend om oortollige likwiditeit in die geldmark te absorbeer en om die voorsiene stramheid van die mark oor die maandeinde van Augustus teen te werk. Spesiale of belastingafwagting-skatkiswissels op aanvraag ten bedrae van R500 miljoen is gedurende Mei en Junie verkoop en het op 29 Augustus hul verval datum bereik. Verdere verkope van hierdie wissels, met 'n looptyd tot 28 Februarie 1981, is gedurende Julie en Augustus gemaak. Gedurende Junie het die Bank ook R100 miljoen van sy eie effekte verkoop. Hierbenewens is terugkoopoorekomste gedurende die tydperk Junie tot Augustus deur die Bank met verskeie bankinstellings aangegaan.

Staatsfinansies

Die ontvangste op die Skatkisrekening in die tweede kwartaal van 1980, dit wil sê gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1980/81, was R468 miljoen, of ongeveer 24 persent hoër as die vergelykbare syfer vir dieselfde kwartaal van 1979. Dit was hoofsaaklik die gevolg van buitengewoon groot ontvangste van inkomstebelasting vanaf die goudmynbounywerheld. Die inkomstebelastingontvangste vanaf ander bronne was daarenteen slegs 4 persent hoër as dié gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1979. Hierdie betreklik klein toename was 'n weerspieëeling van toevalige faktore sowel as van sekere vroeë invloede van die inkomstebelastingtoe-


gewings wat in die Begroting van Maart 1980 aangekondig is; die grootste deel van die uitwerking van hierdie toegewings sal egter eers vanaf die derde kwartaal van 1980 en daarna ondervind word.

Die opmerklike opwaartse neiging in die private verbruiksbesteding vanaf ongeveer die tweede kwartaal van 1979 is weerspieël in skerp verhoogde ontvangste van algemene verkoopbelasting. Gedurende die tweede kwartaal van 1980 was die ontvangste van hierdie belasting 34 persent hoër as dié gedurende die tweede kwartaal van 1979. Die invorderings van invoerrechte het, op 'n soortgelyke basis van vergelyking, met 39 persent toegeneem. Hierdie groot toenames is egter gedeeltelik geneutraliseer deur die verlies aan inkomste wat voortgespruit het uit die afskaffing van die bobelasting op invoergoedere in die Begroting van Maart 1980. As gevolg hiervan het die totale ontvangste ten opsigte van die belangrikste komponente van indirekte belasting (dit wil sê doeane-rechte, aksynsregte en verkoopbelastings), ná aansuiwing vir oordragte aan aangrensende lande, gedurende die tweede kwartaal van 1980 dié gedurende die tweede kwartaal van 1979 (met inbegrip van die bobelasting op invoergoedere) met 16 persent oorskry.

In teenstelling met die seisoenspatroon wat gedurende die voorafgaande twee jare voorgekom het, het die skatkisuitrekings aan staatsdepartemente gedurende die tweede kwartaal van 1980 met 14 persent toegeneem vanaf die vlak in die eerste kwartaal. Die vlak van die totale skatkisuitrekings van R3 370 miljoen gedurende die tydperk April tot Junie 1980 was 28 persent hoër as dié gedurende die tweede kwartaal van 1979. 'n Koers van toename van min of meer soortgelyke grootte, in vergelyking met dieselfde maand in die voorafgaande jaar, het ook gedurende Julie na vore gekom. In die lig van die totale toename in die sentrale owerheid se besteding van slegs 14 persent waarvoor in die Begroting vir die fiskale jaar 1980/81 in sy geheel voorsiening gemaak is, kan gedurende die res van 1980 en die eerste kwartaal van 1981 derhalwe meer gematigde koers van toename verwag word.

Die hoë vlak van die skatkisuitrekings, wat slegs gedeeltelik deur die hoëvlak van die skatkisontvangste geneutraliseer is, het gedurende die kwartaal geëindig Junie 1980 geleei tot 'n tekort van R940 miljoen. Hiérdie tekort het dié in die tweede kwartaal van 1979 met R269 miljoen oorskry en het gevolg op 'n oorskot van R100 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1980. By die finansiering van hierdie tekort is nog steeds 'n bestendige vloei van leningsfondse van die private nie-banksektor ontvang; die bedrag van R337 miljoen wat van hierdie sektor opgeneem is, was R112 miljoen hoër as dié in die tweede kwartaal van 1979 nieënstaande die feit dat die verpligte leningsheffing in Maart 1980 afgeskaf is. Die belegging in staatseffekte deur die Staatskuld-kommissarisse en netto lenings vanaf die buitelandse sektor het onderskeidelik slegs R43 miljoen en R20 miljoen beloop. 'n Bedrag van nie minder nie as

Skatkistekort en -finansiering



R540 miljoen, of 57 persent van die tekort, moes derhalwe deur netto lenings vanaf die monetêre banksektor gefinansier word. In teenstelling hiermee het die Tesourie gedurende die voorafgaande kwartaal sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met nie minder nie as R632 miljoen verminder.


Twee nuwe uitgifte van staatseffekte is gedurende Julie 1980 vir openbare inskrywing aangebied om

saam te val met die aflossing van 'n effekte-uitgawe van R526 miljoen. 'n Korttermyn-uitgawe, wat in Desember 1981 verval, is teen 5,15 persent beskikbaar gestel. Die aansoeke vir hierdie uitgawe het R752 miljoen beloop, waarvan R726 miljoen van die monetêre banksektor afkomstig was. Die bedrag wat verkry is deur middel van die langtermynuitgafe teen 9,80 persent het byna R218 miljoen beloop. Dit het aansoeke van die Staatskuldkommissarisse en die private nie-banksektor ten bedrae van onderskeidelik R90 miljoen en R49 miljoen ingesluit.

Kapitaalmark

Die opbrengskoerse in die mark vir vaste-rentedraende effekte het, deels as 'n weerspieëling van verdere veranderings in verwagtings aangaande die beweging van langtermynrentekoerse, gedurende die tweede kwartaal van 1980 en meer opmerklik gedurende Julie en Augustus verstewig. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark het

Opbrengskoerse in sekondêre mark




byvoorbeeld van 9,26 persent in Maart tot 9,54 persent in Junie en 10,08 persent in Augustus gestyg. Die opbrengskoers op langtermyn semi-prima-effekte van die hoogstegraad het van 9,42 persent in Maart tot 10,01 persent in Junie en 10,59 persent in Augustus toegeneem. Die opbrengskoers op maatskappy-skuldbriewe het insgelyks van 11,30 persent in Maart tot 11,59 persent in Julie gestyg en op ongeveer hierdievlak in Augustus gebly. Hierdie koersstygings het gepaard gegaan met 'n daling in die totale waarde van die prima- en semi-prima-effekte wat op die effektebeurs verhandel is en ook met 'n afname in die bedrag aan netto nuwe uitgifte van effekte van die openbare sektor. Klein netto terugbetaalings van effekte is in werklikheid deur die sentrale regering en die plaaslike owerhede gemaak. Die openbare korporasies het egter gedurende die tweede kwartaal nuwe fondse ten bedrae van R163 miljoen getrek, vergeleke met R119 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Die bedrag aan fondse wat die private sektor deur middel van nuwe uitgifte verkry het, het van R103 miljoen in die eerste kwartaal tot R254 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem, wat egter hoofsaaklik die gevolg was van 'n buitengewoon groot uitgifte van voorkeuraandele in April.

Lewendige toestande het nog steeds op die aandelemark voorgekom. Ná 'n opmerklike daling gedurende die tweede kwartaal, het die omset op hierdie mark gedurende Julie teruggekeer na 'n vlak wat slegs tweede gestaan het in vergelyking met 'n rekordbedrag wat gedurende Januarie 1980 aangegetek is. Die gemiddelde prys van alle klasse aandele het gedurende die tweede kwartaal gemiddeld met 3 persent gestyg, en met 'n verdere 18 persent in Julie en Augustus. Belangrike stygings is veral in die prys van mynbouaandele aangegetek. Hierdie prys het gedurende die tweede kwartaal gemiddeld met 5 persent en van Junie tot Augustus met 'n verdere 21 persent gestyg. Stygende dividendkoerse het egter voorkom dat die dividendopbrengskoerse eweredig met die stygging in die aandelepryse gedaal het. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het byvoorbeeld van 5,90 persent in Desember 1979 tot 5,00 persent in Maart 1980 gedaal maar in werklikheid weer tot 5,24 persent in Junie gestyg voordat dit tot 4,79 persent in Augustus gedaal het. Uiteenlopende neigings in die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte en op aandele het veroorsaak dat die gaping tussen hierdie twee opbrengskoerse van 3,42 persent in Desember 1979 tot 4,26 persent in Maart 1980 en tot 5,29 persent in Augustus vergroot het.

'n Voortgesette maar kleiner netto uitvloeiing van fondse is deur die effektetrusts ondervind. Die stygging in die aandelepryse het egter tot gevolg gehad dat die markwaarde van die trusts se bates van R596 miljoen aan die einde van Maart tot R696 miljoen aan die einde van Julie toegeneem het.

Die seisoensaangesuiwerde beweging van langertermynfondse na depositonemende en ander spaarinstellings het skerp gedaal van R1 237 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1980 tot slegs

Aandelepryse



R711 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie afname was die opmerklikste in die geval van die bankinstellings, waarvan die inname van sodanige fondse van R564 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot slegs R140 miljoen gedurende die tweede kwartaal gedaal het. Die verminderde beskikbaarheid van langertermynfondse het bygedra tot opwaartse aanpassings gedurende Julie 1980 van die rentekoerse op deposito's van twaalf maande en langer deur die banke en die bouverenigings. Afhangende van die looptye van hierdie deposito's, is hierdie koerse met $\frac{1}{2}$ tot $1\frac{1}{2}$ persent verhoog. Die koers op vastetermyn-opbetaalde bouverenigingaandele is met $\frac{1}{2}$ persent verhoog. Hierná, in Julie, het die langertermynfondse wat by die betrokke instellings belê is skerp met R594 miljoen gestyg. Die bouverenigings het byvoorbeeld die hoogste seisoensaangesuiwerde maandelikse in-vloeiing van nuwe fondse ooit ondervind.

Die bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte en in die woningbou het gedurende die tweede kwartaal verdere stukrag verkry. Die toename in die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom van die eerste na die

tweede kwartaal van 1980 het 22 persent beloop. Die bruto verbandlenings wat deur die bouverenigings toegestaan is, het van R1 137 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1980 tot R1 379 miljoen gedurende die tweede kwartaal toegeneem en 'n verdere bedrag van R501 miljoen is in Julie toegestaan. Deels as gevolg van die toename in die vraag na verbandlenings het die bouverenigings se oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings gedurende die tweede kwartaal nie verder toegeneem nie en as persentasie van die verenigings se verpligtings teenoor die publiek

in werklikheid van 10,5 persent in Februarie tot 9,8 persent in Junie gedaal. Die seisoensaangesuiwerde waarde van woningbouplanne goedgekeur het van R325 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot R422 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem en 'n verdere toename in die woningbou in die vooruitsig gestel. Die bedrag wat die bouverenigings vir die oprigting van nuwe geboue toegestaan het, het gedurende hierdie tydperk van R241 miljoen tot R272 miljoen toegeneem en 'n verdere bedrag van R105 miljoen is in Julie toegestaan.

Opmerkings oor tabelle

Die formaat van 'n aantal tabelle in die statistiese afdeling van hierdie **Kwartaalblad** is verander ten einde bykomde inligting te verskaf en om minder belangrike statistiese reekse uit te skakel en/of te hergroeppeer. Vanweë duplikasie is een tabel weggelaat, maar 'n aantal nuwe tabelle is bygevoeg, terwyl sommige tabelle uitgebred is om die statistiese dekking van die **Kwartaalblad** te verbreed. In die statistiese tabelle oor die staatsfinansies is daar byvoorbeeld aansienlike veranderings gemaak aan die tabel oor die Skatkisrekening, in die besonder om wysigings wat gedurende die afgelope paar jaar in die samestelling van hierdie rekening aangebring is, te inkorporeer en om vergelykbare gegewens te verskaf.

Daarbenewens is die basisjaar van die indeksreeks en van die reekse teen konstante prys verander van 1970 na 1975, in ooreenstemming met die internationale omskakeling na 1975 as die nuwe basisjaar. Drie tabelle toon nog reekse met 1970 as basisjaar aangesien die gewigte wat vir die herberekening van die indeks op die nuwe basis nodig is, nie betyds verkry kon word nie. Die omskakeling van hierdie indeks na die nuwe basisjaar sal egter mettertyd voltooi word en in 'n volgende uitgawe van die **Kwartaalblad** gepubliseer word. As gevolg van strukturele veranderings in die ekonomie tussen 1970 en 1975 het die gebruik van nuwe gewigte in die herberekening van die saamgestelde indekssyfers en syfers teen konstante prys veranderings in sommige reekse meegebring, in die besonder wat reekse met betrekking tot die nasionale rekeninge betref. Koerse van verandering wat voorheen in die reekse waargeneem is, sal dus moontlik nie volkome met dié in die nuutberekende reekse ooreenstem nie.

Die nuwe tabelle wat in hierdie **Kwartaalblad** verskyn is:

Uitgesoekte geldmarkaanwysers (S-34);

Permanente bouverenigings: Netto verbandlenings toegestaan (S-41);

Depositonemende en ander spaarinstellings: Toename in beleggers se besit aan langertermynfondse (S-43);

Finansieringsmaatskappye: Laste en bates (S-49); Binnelandse bemarkbare effekteskuld van plaaslike owerhede en openbare korporasies volgens besitter (S-50);

Staatsinkomstefonds: Inkomste ingevorder (S-54/55); Buitelandse handel: Indeks van volume en prys (S-70);

Finansiële rand, goudprys en handelsfinansieringskoerse (S-80);

Bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1975-pryse volgens tipe ekonomiese bedrywigheid: Kwartaalsyfers (S-92);

Bruto binnelandse vaste investering volgens tipe bate teen heersende en konstante 1975-pryse: Jaarsyfers (S-93/94) en Kwartaalsyfers (S-95);

Verandering in voorrade volgens tipe ekonomiese bedrywigheid teen konstante 1975-pryse (S-98); Lopende inkomte en uitgawe van geïnkoporeerde sakeondernemings (S-100), en

Arbeid: Ure gewerk, werkloosheid en vergoeding per werker in die nie-landbousektore (S-109).

Daarbenewens is die volgende tabelle aansienlik gewysig:

Langtermynversekeraars: Laste en bates (S-45);

Korttermynversekeraars: Laste en bates (S-46);

Pensioen- en voorsorgfondse (S-47);

Skatkisrekening (S-56/57);

Bruto binnelandse en nasionale produk (S-81);

Private verbruiksbesteding teen heersende en konstante 1975-pryse (S-86/87);

Mynbou: Fisiële volume van produksie (S-103), en Handel (S-107)